# Strijdomplein kry nuwe lewe

RESTOURASIEWERK aan Strijdomplein loop steeds volgens plan en Pretorianers behoort teen vroeg aanstaande jaar weer oor die plein te kan loop – dalk self vroeër.

Daar wag 'n verrassing op mense wat altyd oor die "koudheid" en "doodsheid" van die plein gekla het. Die TPA, wat vir die instandhouding van die plein verantwoordelik is, het die klagtes ter harte geneem.


Hulle het die argitekte genader en daar is besluit om die plein met behulp van steenwerk op te kikker.

Verskillende sirkelpatrone is met die stene uitgewerk en daar is heelwat ekstra blombakke van verskillende hoogtes gebou om die eentonigheid en strak lyne te breek.

Mnr. Steyn glo nie die nuwe versierings doen afbreuk aan die standbeelde op die plein nie.

"Ons het die ontwerp aan verskeie mense voorgelê en almal het gedink dit is 'n goeie idee. Die stadsraad van Pretoria was in sy noppies met die steenwerk," sê hy.

Die beraamde koste waarteen die plein gerestoureer word, is R2 miljoen. Volgens mnr. Steyn is die departement nog heeltemal binne sy begroting.



WANNEER die restourasiewerk aan die Strijdomplein voltooi is, wag daar 'n verrassing op almal wat gekla het die plein is te koud en doods.